Towerlantern Fotografie

fotografienuus

desember 2020

Aand-abstrak

Lensopening: f2.8; Sluiterspœd: 2 sekondes; Fokale lengte 100 mm

Die jaar loop onder ons uit – ons is by Desember. En 2020 was sekerlik die vreemdste jaar in almal van ons se lewens.

Hœ het die pandemie jou en jou fotografie geraak? Ons hoop dit was nie 'n covid-jaar nie, maar wel 'n genadejaar. Kyk jy op televisie, is dit interessant om te sien hœ oorspronklik mense se idees in dié tyd was: van kreatiwiteit (ontwerp van materiale met 'n stoomdrukproses) tot sportuitdagings (75 halfmarathons in 75 dæ).

Bly steeds positief. In hierdie laaste uitgawe van 2020 wil ons vir jou idees gee vir inspirasie waarmee jy jou fotografie-kreatiwiteit kan uitleef en jou fotografie-vlam hoog kan laat brand. Lees dus verder hieroor en ook nog oor ander sake.

Hier is sommer klaar 'n eerste inspirasie-idee: Neem aandfoto's en lê klem op abstrakte, kleurvolle foto's soos *Aand-abstrak*.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Verlede maand het ek gesê: "Jy kan my omkoop met oranje!" Hier vang ek jou tœ nou uit met 'n pers foto!

Verlede maand het ons ook gesels oor foto-titels en die misleiding van kykers deur middel van titels. Was dit vir jou oninteressant? Gœd dan. Probeer dan op jou eie manier om jou foto's te betitel en kyk waar kom jy. Pasop net: Om 'n foto van 'n olifant net *Olifant* te betitel is bitter oninspirerend.

En nou terug na die voorbladfoto: Die titel, *Aand-abstrak*, is dalk niksseggend, maar dit laat jou hopelik twee keer dink/kyk. Ek sou enige ander titel kon gee, byvoorbeeld *Stadsligte teen die westerkim*, of *Stadsfotografie*, en jy sou dalk nog steeds in die duister gewees het oor wat afgeneem is. Die punt is: Omdat dit 'n abstrakte foto is (waar kleur en tekstuur en lyne die hoofrol speel), kan die fotograaf wegkom met enige titel.

Laat hierdie saak dus nog 'n inspirasie-idee vir jou wees: Neem foto's (of ontwerp foto's) op só 'n manier dat die kyker twee keer sal wonder wat jy as fotograaf wil sê. Lees weer "Jou prente op 'n uitstalling" in die November-uitgawe van *Fotografienuus* en laat dit jou inspireer.

Ten slotte: Kyk na die voorbladfoto se foto-inligting en laat dié jou lei om tot 'n besluit te kom oor die foto.

SKEMERAAND-FOTOGRAFIE

Die titel *Stadsligte teen die westerkim* is natuurlik tong-in-die-kies, maar nogtans bring dit ons by die genre skemeraandfotografie. Dié fotogenre het baie vertakkings, waarvan ons die volgende nœm:

- ✓ Stadsligfotografie (waaronder ook dorps- en plaasligfotografie).
- ✓ Abstrakte straatfotografie (waaronder foto's geneem vanuit 'n bewegende motor, selfs in die reën soos in die foto).
- ✓ Argitektuur-aandfotografie (waaronder huis-foto's, met die dœl om jou huis te verkoop).
- ✓ Natuurfotografie (waaronder weerlig- en wolkfotografie).

Vir al hierdie fotovertakkings is daar sekere sake wat van kardinale belang is. Ons nœm 'n paar:

- ✓ 'n Driepoot is noodsaaklik vir stabiliteit tydens aandligfotografie waar 'n langer (stadiger) sluiterspœd nodig is.
- ✓ Kamerakennis is noodsaaklik, in die besonder die gebruik van lensopening, sluiterspœd, ISO en witbalans.
- ✓ Skerp fokussering is noodsaaklik.
- ✓ Variëring van tegnieke is noodsaaklik, byvoorbeeld van wye- tot smalhœke, van ver- tot nabyfotografie.
- ✓ Kameravaardigheid is noodsaaklik oor die fisiese verstellings wat in halfdonker ligomstandighede gedœn mœt word.
- ✓ 'n Veilige omgewing is noodsaaklik.

Ons wil in ons volgende rubriek riglyne gee vir 'n spesifieke saak hierbo genœm, naamlik stadsligfotografie. Die bedœling is egter nie dat die riglyne net op die fotografering van stadsligte betrekking het nie. Sien dit baie wyer. Jy kan jou kreatiwiteit ook uitleef wat dorpsligte en plaasligte betref. Voorspœd met hierdie onderneming.

RIGLYNE VIR STADSLIGFOTOGRAFIE

Omdat daar so baie moontlikhede is wat pas onder die sambreel “stadsfotografie”, gee ons hier riglyne vir een spesifieke geval, naamlik stadsligfotografie.

Die volgende sake is belangrik in jou voorbereiding:

- ✓ Gebruik so ver as moontlik ’n driepoot of ander vorm van stut (as jy bv. vanuit ’n motor foto’s sou neem).
- ✓ Neem al jou lense saam.
- ✓ Probeer om verskeie foto’s van een toneel te neem – varieer die kamerabeligting en -hœk.
- ✓ Gebruik jou selfoonkamera as die toneel dalk vinnig kan verdwyn.

Gebruik die volgende werkwyse:

Tipe lens Dit kan baie varieer: van ’n baie wye tot baie smal lens; selfs ook ’n makrolens.

Portret-/Landskapformaat Die keuse is joune.

ISO Hou die ISO so laag as wat moontlik is. Wees bewus van die moontlikheid van ruis by ’n hoë ISO-stelling.

Witbalans Speel rond met die witbalans (selfs ook die kamera se ingeboude filters) vir maksimale kreatiwiteit.

Keuse van fokuspunt Sœk daarvoor; besef wel dat ’n trefpunt in ’n foto belangrik is.

Lensopening en Sluiterspœd Besluit vooraf watter effek jy wil hê, byvoorbeeld ligkolle of ligstrepe. Maak daarvolgens die keuse vir lensopening en sluiterspœd (of andersom) met gebruikmaking van die liniaal vir die korrekte beligting.

Fyn fokussering Wees presies met fyn fokussering, soos die situasie vereis.

Towerlantern Fotografie

- desember 2020 -

Inspirasie idee:

kamerafilters

Die vraag word soms gevra: Watter filters moet aangeskaf word? Ons gee die volgende verduideliking en antwoord.

Die meer algemene filters is die volgende:

Ultraviolet (UV)-filters Die bedoeling met hierdie tipe filter is om beskerming te bied teen ultravioletlig. Dis 'n relatief goedkoop filter. Ons aanbeveling: Koop daarvan vir elke lensstelsel en gebruik dit as 'n fisiese beskerming teen stof, skrape en ander ongelukke.

Polariseringsfilters Die bedoeling met hierdie tipe filter is om weerkaatsings (komende van stof- en waterdeeltjies in die lug of van waterweerkaatsings op 'n dam) uit te skakel. Dit is dieselfde as 'n Polaroid-lens van vroeër. Die kamerarigting moet ongeveer loodreg wees op die sonstraalrigting om goed te werk. Ons aanbeveling: Koop hiervan, dis baie handig.

Neutrale digtheid- en gradiëntfilters Die bedoeling van hierdie filters is om die toneel te verdonker (as jy dit nie met instellings kan regkry nie) of om te help waar een helfte van 'n foto baie donker is en die ander helfte baie lig. Ons aanbeveling: Koop 'n stel hiervan.

Kleurfilters Die bedoeling van hierdie filters is om die kleur van foto's te verander. Ons aanbeveling: Moet dit nie koop nie. Pas wel een of meer van die volgende tegnieke toe om dieselfde effek te verkry:

- ✓ Gebruik 'n "verkeerde" witbalans-instelling.
- ✓ Gebruik die witbalans se custom en verander kleure.
- ✓ Gebruik die kamera se ingeboude filter (sien blokkie).

Saamgevat: Filters kan handig wees; koop gerus daarvan. Kleurfilter-effekte kan jy met jou kamera se ingeboude filters regkry. As inspirasie: "Verf" jou huis fotografies sepia vir 'n ouwêreldse kiekie.



Gewone kleur



Monochroom: Pers

STAPPE OM KLEURFILTERS TE KRY

(Canon 80):
Menu; Picture style; Monochrome; Info Detail set; Toning effect; Sepia, Blue, Purple, Green

(Nikon):
Menu; Retouch menu; Filter effects

Towerlantern Fotografie
- desember 2020 -

Inspirasie idee:

silhoeëtte

Die silhœëtfoto hierby is onlangs deur Maryke Schoonen tydens 'n foto-uitstappie by die Mooirivier in Potchefstroom geneem; met dank aan haar.

As jy al silhœëtfoto's geneem het, gaan voort daarmee en kry jou beste gedurende die vakansietyd. As jy dit nog nooit gewaag het nie, begin daarmee en dœn dan die volgende:

Wenke vir die neem van silhœëtte:

- ✓ Kry 'n item (byvoorbeeld 'n mens- of diermodel) met mooi/sterk lyne.
- ✓ Kry 'n opstelling met die son (of ander skerp lig) reg agter die model, met 'n duidelike profiel en ook nog 'n mooi agtergrond (soos op die foto).
- ✓ Dœn die kamerabeligting vir die agtergrond (nie vir die son self nie!) en sorg dat die model slegs as 'n silhœët vertoon.
- ✓ Maak seker, soos in die foto, dat die model se gesig gœd afwys.
- ✓ Gebruik verkieslik 'n groot lensopening sodat die agtergrond onskerp is.

Inspirasie idee:

strukture

Daar sal waarskynlk weinig van ons wees wat ooit die geleentheid gaan hê om die Sheikh Zahed-brug in Abœ Dhabi te fotografeer; en by alles nog in die aand. Oor dié brug word daar gesê dat dit 'n ontmœting is tussen kuns en argitektuur. Lees meer oor hierdie brug by http://www.bridgesofdublin.ie/bridge-building/famous-bridges/sheikh-zayed-bridge-2010

Mœt egter nie dink jy mœt na hierdie brug tœ vlieg om besondere strukture af te neem nie. Kyk vir 'n begin, sommer net na kerkgeboue naby jou. En dœn mœite om daarvan foto's te neem. Gaan dan verder en sœk ander strukture (huise, groter geboue, paaie, oorbrûe) in jou omgewing. En as jy op vakansie gaan, neem jou voor om by elke dorp, selfs dorpie, foto's van die plaaslike kerk(e) te neem.

WENKE VIR DIE AFNEEM VAN KERKGEBOUE MET TORINGS

- ✓ As dit 'n vinnige stop is: Gebruik jou selfoon; staan so na as moontlik aan die gebou ('n selfoonkamera se lens is baie wyd); mœnie die toring se punt afsny nie.
- ✓ As dit 'n langer stop is: Gebruik jou kamera met driepoot; staan verder weg en gebruik 'n zœmlens; varieer die fotorigting.

Inspirasie idee:

weerkaatsings

Dit gebeur dalk net dat jy gedurende die komende vakansietyd iewers langs water gaan kamp of piekniek hou. En dan sien jy die mooiste waterweerkaatsings raak.

Kry dadelik jou kamera en driepoot gereed en volg die volgende prosedure:

- ✓ Stel die kamera op en kry 'n gœie komposisie in die LCD-skerm. Sorg ook dat die komposisie van die weerkaatsing (wat jy onderstebo sal sien) reg is.
- ✓ Neem 'n reeks foto's met verskillende komposisies, kamerabeligtings, kamerahœk-punte en fokuspunte.
- ✓ Kies tuis die beste een uit en keer die foto bo na onder om. Jy sal onmiddellik 'n toneel kry wat onwerklik vertoon, soos in die foto.

Inspirasie idee:

wolke

Of dit nou somer of winter, herfs of lente, is, wolke het altyd hul eie bekoring. En vir jou as fotograaf natuurlik nog meer.

Beskou wolkfotografie dus as 'n staande inspirasie-idee. Ons gee 'n paar algemene wenke:

- ✓ Hou jou kamera steeds gereed vir wolke; anders jou selfoon.
- ✓ Leer om wolke dop te hou; en te "voorspel" (wel, amper) of dit 'n mooi sonsondergang gaan wees of nie.
- ✓ Besef dat sonsondergange baie vinnig kan verander. Sorg dus ook vooraf dat jy weet vanwaar jy die beste foto's sal kan kry: vanuit jou tuin, vanaf jou straat, of by 'n plek verder weg waarheen jy sal moet ry.
- ✓ Moenie net op die uitkyk wees vir kleurvolle someraandfoto's nie. As jy die wolke dophou, sal jy gou agterkom dat wolke bedags, soms in die winter ook, net so besonders kan wees.

QR-KODES

Almal is sekerlik al bekend met die sogenœmde QR (*quick response*)-kodes op baie handelsprodukte. En baie weet waarskynlik reeds dat as jy die QR-app op jou foon het, dan kan jou selfoon se kamera die QR-inligting "lees". Die foto hierby wys hœ dit by die Mooirivier, Potchefstroom (en ook in die Botaniese Tuin) bekend gestel word. Die nut is dan dat daar by sekere tonele op jou selfoon na voorlesings van TT Clœte, en ander, se gedigte geluister kan word. Om 'n voorbeeld te hoor, "lees" die kode bo links met jou selfoon en luister na TT Clœte.

Maar hœ werk dit? Die maklikste manier om dit te verduidelik is om eerstens te dink aan die strepieskode wat algemeen op koopware verskyn. Beskou hierdie as eendimensionele inligting (dink aan die reguit rooi lyn waarmee die leser dit waarneem). Soortgelyk is die QR-kode 'n tweedimensionele blok inligting wat deur 'n "leser" gelees kan word. Die leser/app mœt kan "sien" en mœt kan "vertolk". Die "sien"-gedeelte is maklik, want jou selfoon dœn dit met die kamera. Die "vertolk"-gedeelte word gedœn deur die spesifieke app, wat jy voorheen reeds afgelaai het.

Wat die tegniese werking betref, kan ons die volgende sake nœm:

- ✓ Daar is 3, en slegs 3, gemerkte hœke. Hiermee word die rand en bokant van die blok vas gedefinieer. Jy kan dus jou selfoon op die kode rig nes jy wil, bo bly bo.
- ✓ Die kodifisering en dekodifisering van die QR-inligting berus op wiskunde.
- ✓ Daar is selfs ook 'n foutkorrigeerder-afdeling in die app geprogrammeer. Dit staan bekend as die Reed-Solomon-foutkorrigeerder. Dit het die nut dat al is 'n kode gedeeltelik beskadig, dit nog steeds korrek geïnterpreteer kan word.
- ✓ Lees verder oor die werking by: https://www.fastprint.co.uk/blog/quick-response-codes-what-are-they-and-how-do-they-work.html

PLANNE VORENTOE ...

Die covid-19-pandemie het tot gevolg dat ons, mense, weer onder die besef gekom het dat ons maar net kan beplan, en niks meer nie. Ons besef dat alles op die ou einde die wil van die Here is. Daarom dan ook die Latynse uitdrukking *Deo volente*, God willende, DV.

In die lig hiervan kan ons maar hoogstens skedules en roosters en programme opstel vir die tœkoms. Dit is wel ook 'n Godgegewe eienskap dat die mens kan beplan.

In die lig hiervan het ons nog nie sekerheid oor plaaslike kursusse volgende jaar nie. Ons kan wel met dankbaarheid nœm dat al ons aanlynklasse steeds voortgaan. Die inligting verskyn hierby.

Aanlynkursusse

Ons bied vier verskillende aanlynklasse in Afrikaans aan:

- ✓ 'n **Eerstevlakkursus** waarin ons by die heel begin begin. Dié kursus behels sake soos komposisie, lig en kamera-instellings. As jy wonder waar jy mœt begin, dan is dit hier. Die kursus kan enige tyd begin – selfs in die middel van Desember, as jy wonder wat om dan met jouself te dœn of as jy wonder oor Kersgeskenke.
  Aantal lesings: 6; prys: R1300.
- ✓ 'n **Gevorderdevlakkursus** waarin ons die basiese onderwerpe van die eerstevlak verder vœr. Aandag word aan verskeie genres gegee en die lyn word verder deurgetrek na impressionistiese fotografie. Ook hierdie kursus kan enige tyd begin.
  Aantal lesings: 8; prys: R1300.
- ✓ 'n **Spesialiskursus** waarin op enkele onderwerpe (3 tot 4 per kursus) gekonsentreer word. Hierdie kursus word samelopend met die plaaslike kursus aangebied. Die volgende geleentheid is vrœg volgende jaar.
  Aantal lesings: 8; prys: R1300.
- ✓ 'n **Selfoonkamerakursus** waarin die basiese elemente van fotografie bespreek word, met tœpassing op jou selfoon. In hierdie kursus sal jy meer leer hœ om besondere foto's te neem tot hœ om fotoverwerking op jou selfoon te dœn.
  Aantal lesings: 4; prys: R500.

Dœn vir al hierdie kursusse navraag by: johan@towerlantern.co.za

{ Hou jou e-posse en Whatsapps gedurende die vakansietyd dop vir gœdkoper aanbiedings. Daar is ook die permanente reëling dat daar 'n gœdkoper tarief is as twee persone uit dieselfde gesin aan 'n kursus deel het. }

Towerlantern Fotografie

- desember 2020 -

FOTO-UITSTALLING
by Snowflake

Jy word uitgenooi om na die foto-uitstalling van Towerlantern-studente te gaan kyk. Die besonderhede van die uitstalling is soos volg:
Plek: Snowflake-gebou, Bosmanstraat (Stasieweg), Potchefstroom.
Datum: 2 November tot 19 Desember 2020.
Besœktye: Bedags

En as jy gaan, besœk ook die binnenshuise *Re-Charge Coffee* voordat jy die uitstalling besœk. Kyk ook hier na Snowflake se webblad: https://www.snowflakevenue.com/

Onthou steeds ook ons September 2020 aanlyn-uitstalling. Dié uitstalling kan permanent besigtig word by: https://youtu.be/mfCJWGmFlpA

Kers- en verjaardaggeskenk

Dis 'n gœie idee om vir geliefdes vir volgende jaar 'n verjaardagkalender saam te stel bestaande uit 12+1 van jou beste foto's. Maar mœnie wag tot 31 Desember 2020 nie – dan gaan dit nie betyds vir die nuwe jaar wees nie!
Gaan dus jou foto's van 2020 deur, kies die beste foto's uit en plaas dit in 'n aparte lêer. Besluit op 'n tema (byvoorbeeld sei-sœne) en maak dan hier-uit jou finale keuse vir die kalenderfoto's. Die herfsfoto en kalender hierby gee die idee.
Jy kan ook 'n stap verder gaan en by elke maand 'n boodskap byvœg. Byvoorbeeld 'n Bybel-teks soos in die voorbeeld: "Mag hierdie bepeinsinge van my vir Hom aanneemlik wees." – Psalm 104:34

Toor met jou kamera

Let op na die twee foto's hierby. Die een het opmerklike steurende elektriese drade oor die bome; die ander het byna geen teken daarvan nie.

Die verandering is NIE met Photoshop of 'n dergelike program gedœn NIE. Dis bloot net met kamera-instellings gedœn.

Die EERSTE persoon wat vir ons sy/haar eie soortgelyke fotopaar stuur, met verduideliking van wat gedœn is, kan teen halfprys inskryf vir enige van ons aanlynkursusse (soos gepas).

Let wel, die verdwyning is ook nie met kameraverwerkings gedœn nie.

Towerlantern Fotografie
- desember 2020 -